# Lesing 1 - 18 Oktober 2025 - **Wie was Gam, die "seun" van Noag?**

## Die herkoms van Gam

Oor die herkoms van Gam is al baie bespiegel, en die algemene afleiding van die gewone kerkganger is dat Sem die vader van die witras was, Jafet die van die gekleurdes en Gam die vader van die swartras. As al drie egter die ware seuns van `n blanke Noag en sy blanke vrou was, hoe is dit moontlik? Daar bestaan egter nog ander vrae oor hierdie familie, naamlik die volgende:

## Wat het Gam aan Noag gedoen toe hy dronk was?

Vele antwoorde is al op hierdie vraag gegee. Maar, met die nuwe inligting vanuit die Nuwe Openbaring, is dit noodsaaklik om weer na alles rondom hierdie familie te gaan bekyk. Dit is dus ons oogmerk om vanuit die Skrifte en die Nuwe Openbaring antwoorde te verskaf oor die saak. Hoekom is dit dan so belangrik? Dit is belangrik omdat hierdie daad die hele post-vloed se nuwe volksplanting beïnvloed het. Toe Kanaän vervloek is, was sy nageslag **tot in ewigheid** vervloek.

***Gen 9:25*** *sê hy: Vervloek is Kanaän! 'n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers.*

***Gen 9:26*** *Verder het hy gesê: Geseënd is JaHWeH, die Elohey van Sem, maar Kanaän moet sy dienskneg wees.*

Kanaän was die seun van Gam. Wie was Gam? Die Skrif sê hy was een van die drie seuns van Noag.

***Gen 6:10*** *En Noag het drie seuns gehad: Sem, Gam en Jafet.*

As ons die Skrif nagaan, sien ons dat Gam die vader was van die swart nasies. Sy oudste seun se naam is Kush (Kus) of Etiopië wat "swart" in Hebreeus beteken.

3568. vWK

**KuÆwsh**, *koosh;* prob. of for. or.; *Cush* (or Ethiopia), the name of a son of Ham, and of his territory; also of an Isr.:— Chush, Cush, Ethiopia.

3569. yviWK

**KuÆwshéÆy**, *koo-shee';* patron. from 3568; a *Cushite*, or desc. of Cush:— Cushi, Cushite, Ethiopian (-s).

Omdat name in die ou tyd direk verwys het na die persoonlikheid en aard en doel van `n persoon, kan ons hieruit aflei dat Kush swart genoem is, **omdat hy swart was**. Logika sê dus dat as hy swart was, moes sy pa en ma ook swart gewees het.

Nog n bewys dat die Kussiete swart was, was die verhaal van Moses wat 40jr oor Kush regeer het, en die vorige koning het vir hom n swartvrou gegee maar Moses het haar nooit genader nie.

*31 Hulle het die koninklike kroon op sy hoof geplaas, en hulle het aan hom as vrou gegee, Adonia, die Kuwshitiese koningin, die vrou van Kikianus.*

*32 Moshè het JaHWeH, die Elohey van sy vaders gevrees, sodat hy nie by haar ingegaan het nie, ook het hy sy oë nooit op haar gerig nie.*

*33 Want Moshè het onthou hoedat Abraham sy dienskneg, EliEzer, laat sweer het deur te sê: Jy sal nie 'n vrou van die dogters van Kanaän vir my seun Isak neem nie.*

*34 Ook wat Isak gedoen het toe Jakob gevlug het vir sy broer, toe hy hom beveel en gesê het: Jy sal nie 'n vrou neem van die dogters van Kanaän nie,* ***ook nie 'n verbond met enige van die kinders van Gam sluit nie****.*

*35 Want JaHWeH, onse Elohey het Gam, die seun van Noag, en sy kinders en al sy saad, as slawe aan die kinders van Sem en die kinders van Jafet, en aan hulle saad na hulle as slawe gegee, vir ewig. [Die Boekrol van Henog 89:9]*

Noag was egter suiwer blank, `n suiwer nakomeling van Adam, wat weer op sy beurt "a-dam"of "eerste blosende" beteken.

120. µd;a;

**<aÆdaÆm**, *aw-dawm';* from 119; *ruddy*, i.e. a *human being* (an individual or the species, *mankind*, etc

Die Skrif bevestig dit ook in die ***Boek van Herinnering***.

***Gen 6:9*** *Dit is die Genelyn van Noag. Noag was 'n regverdige en* ***rasegte man****, onder sy tydgenote. Noag het met die Elohim gewandel.*

Omdat Noag `n uitverkorene was, is dit weereens logies dat sy vrou ook blank moes wees (raseg), anders sou Noag nie in Elohim se guns gewees het nie.

***Gen 6:8*** *Maar Noag het* ***Guns*** *gevind in die Oë van JaHWeH.*

Omdat die Skrifte in raaisels en gelykenisse gegee word, beteken dit dat ons sal moet gaan soek vir `n antwoord. Onthou, geloof kan slegs ware geloof wees as dit op die waarheid gebaseer is. Ons weet dat suiwer blank nie swart kan produseer nie. Die natuur sê dit elke dag vir ons, want dit is Elohim se ewige ORDE. As ons dus moet glo dat Noag deur sy drie seuns al die rasse van die wêreld geproduseer het, moet daar tog feite daarvoor wees, anders is dit maar net nog `n fabel. Fabels het die neiging om mense, (en met reg ook) afvallig te maak van die Woord. Kom ons soek verder.

## Gam was nie een van Noag se vrou se kinders nie

Kon dit dalk gewees het dat Gam `n aangenome seun was? Selfs vandag neem ons kinders aan en hulle neem die naam van die vader aan en word so grootgemaak as egte seuns in hul nuwe vaderhuis. Maar nou kom die vraag op: Waarom sou Noag `n swart seun aangeneem het? Hy was juis gekies deur Elohim weens sy onwrikbare en vaste standpunt teen enige vermenging. Dit was die hoofrede waarom hy gekies was om die Ark te bestuur, met pare van elke suiwer en rasegte spesie wat die ark ingebring is. Hoe kon die kaptein van die Ark, wie se vrag uit-en-uit bestaan het uit suiwer diere, `n voorstander van verbastering gewees het. Dit maak geen logiese sin nie. As die diere suiwer moes wees, hoeveel te meer nie die mense wat

in beheer was nie. Daar was agt mense in die ark teenwoordig, elke man met sy vrou. Die afleiding is dus dat elke man `n gade **van sy eie soort** moes gehad het, - net soos by die diere.

Kom ons stel ondersoek in en ons sal in die **Boek van die Opregte** gaan soek. Hierdie boek word twee keer in die Bybel vermeld (***Josua 10:13*** en ***2Samuel 1:18***).

**Opregte 5:*13*** *Noag was `n opregte man, hy was **rassuiwer in sy genelyn** en JaHWeH het hom **uitverkies om saad van Sy saad op die aangesig van die Adamah [die adamiet se Aarde] te verwek**.*

*14 JaHWeH het aan Noag gesê: Neem vir jou 'n vrou, en verwek kinders, want Ek het jou regverdig voor My in hierdie geslag gesien.*

*15 **Jy sal saad verwek**, en **jou kinders** saam met jou, in die middel van die Aarde, en Noag het gegaan en 'n vrou geneem, en hy het **Naäma, die dogter van Henog (suiwer blanke)** gekies, en sy was vyfhonderd-en-tagtig jaar oud.*

*17 En Naäma het swanger geword en 'n seun gebaar, en sy het hom **Sem** genoem en gesê: Elohim het my 'n oorblyfsel gemaak, **om saad te vestig** in die middel van die Aarde; en Naäma het weer swanger geword en 'n seun gebaar, en sy het hom **Jafet** genoem en gesê: Elohim het my **uitgebrei** op die Aarde,*

*18 Noag was vyfhonderd-en-twee jaar oud toe Naäma Sem gebaar het, en die seuns (**twee seuns, nie drie nie**) het grootgeword en het in die Weg van JaHWeH gewandel in alles wat Metúsalag en Noag, hulle vader, hulle geleer het.*

*21 **Al die seuns van die Adam wat JaHWeH geken het, het in daardie jaar gesterf** voordat JaHWeH die ellende oor hulle gebring het, want JaHWeH het dit gewil dat hulle moes sterf sodat hulle nie die ellende kon sien wat Elohim oor hulle broers en bloed-verwante sou bring, soos Hy verklaar het dat Hy sou doen nie*.

Hier volg nou 'n teenstrydigheid in die Boek van die Opregte:

***Opregte 5:32*** *En jy (Noag) sal vir jou seuns **drie** maagde kies uit die dogters van die adam en hulle sal vroue wees vir jou seuns.*

***35*** *Toe het Noag die **drie** dogters van Eliakim, seun van Metúsalag, geneem as vroue vir sy seuns soos JaHWeH hom beveel het.*

(hierdie daad is in direkte teenspraak met die rasegtheidsopdrag wat Noag ontvang het tov die Ark)

Kom ons lees hieroor in die Nuwe Openbaring:

**Huishouding van Elohim Boek 3, Hoofstuk 365, Vers 6 -7:**

*6. **Maar die bode het aan Gam gesê:** "Die Heer van Salem is nie soos `n mens dat hy iemand dadelik vervloek nie; Slegs vanweë die goddelike orde, maar nie vanweë die vloek nie, **kom die kinders van God nie uit jou voort nie.** 7. Want ook al sou jy nie deur Noag in jou seun Kanaän vervloek gewees het nie, dan sou die kinders van God tog nie deur jou in die wêreld getree het nie, omdat jy nie die eersgeborene is nie! **Sem is egter die eersgeborene, en Jafet die laasgeborene voor die vloed; daarom bly die heerlikheid by Sem, en Jafet as die jongste gee die dogters.***

*365:19. Daar sou weliswaar nog baie van Noag tot aan Abraham genoem kan word; maar aangesien Moses reeds uitvoerig daaroor verslag gegee het en daaruit elkeen **wie in die wetenskap van die ooreenstemmings geoefen is**, al die kleinighede kan vind, word die alreeds baie uitgebreide werk daarmee afgesluit!*

*20. Geseënd is elkeen wat die wet van die liefde, **wat deur dié werk straal,** as basis van sy lewe sal maak; want daarin sal hy dan ook die ware, ewige lewe vind!*

Verklaring van die wetenskap van ooreenstemminge

*5jr gebou aa die Ark?*

*7 pare onrein diere?*

